● G'n samespanning teen verbruikers, word bevind

# Kospryse op '99 se vlak

Ainsley Moos

Die prys van basiese voedselsoorte styg wel vinniger as wat dit weer daal, maar met inagneming van inflasie is voedselpryse nou op dieselfde vlak as in 1999.

Só sê prof. Johann Kirsten, voormalige voorsitter van die komitee wat voedselpryse in 2003 gemonitor en ondersoek het.

Kirsten het gister die komitee se finale verslag van 436 bladsye oor hoe die prys van 26 basiese voedselsoorte tussen Januarie en Oktober verlede jaar verander het, uitgereik.

"Dit is moeilik om te veralgemeen, maar voedselpryse het herstel tot laer vlakke. Die algemene prys van voedselitems... het die afgelope jaar met 3% gedaal. Die monitor van voeselpryse het 'n positiewe uitwerking gehad en 'n mandjie voedsel is ietwat goedkoper," sê Kirsten.

Die voedselprysindeks – wat slegs die voedselitems in die verbruikersprysindeks (VPI) verteenwoordig – het in 2002 skerp opgeskiet tot 20%. Teen September 2003 was die voedselprysindeks weer net 4,2%.

Die nasionale departement van landbou het die voedselprysmonitorkomitee in Januarie verlede jaar in die lewe geroep ná groot onduidelikheid en onsekerheid oor hoekom voedselpryse in veral 2002 skerp gestyg het.

In Oktober 2002 het die regering selfs 'n

ruk lank mieliemeel teen 'n gesubsidieerde prys aan verbruikers gebied omdat hy gemeen het dit raak moeilik bekostigbaar.

Van die 26 voedselsoorte waarvan die pryse dopgehou is, is witbrood, bruinbrood, mieliemeel, rys, wit suiker, 1 liter melk, hoender, eiers, aartappels, tamaties, lemoene, 250g teesakkies en 250g kitskoffie.

Me. Thoko Didiza, minister van landbou en grondsake, sê die verslag sal help om beter verklarings te vind wanneer verbruikers sukkel om voedsel te bekostig.

Kirsten skryf in die verslag: "Die ontleding van voedselprysinflasie vir verskillende inkomstegroepe wys dat arm huishoudings hoër inflasie ervaar het as huishoudings wat beter daaraan toe is.

"Op 'n hoogtepunt in Oktober 2002 is arm huishoudings gekonfronteer met inflasie op 'n jaargrondslag van 23,1%, terwyl ryk huishoudings voedselprysinflasie van 19% ervaar het."

Kirsten sê in die geval van mielies kan die stadige daling in die prys van mieliemeel dalk daaraan toegeskryf word dat meulenaars hul verliese gedek het toe die mielieprys skerp gestyg het.

Daar kon nie bevind word dat rolspelers in die voedselbedryf saamspan om verbruikers in te loop nie.

"Die komitee se ontleding toon in September 2003 was die totale koste van 'n mandjie voedsel, gemonitor deur die komitee, 1,5% goedkoper as in September 2002," lui die verslag.